

# HOOFSTUK EEN

## ORIËTERING

### 1.1 INLEIDING

Oor die plek van die vrou in die onderwys en onderwysbestuur is daar oor dekades heen baie gesê en geskryf. In die VSA en Brittanje is reeds heelwat navorsing gedoen oor die faktore en persepsies wat bygedra het tot bevorderingshindernisse wat die onderwyseres ervaar. Navorsing van die literatuur (Shakeshaft, 1989; Marshall, 1984; Greyvenstein, 1989; De Witt, 1990 en Duff, 1990) dui 'n onderskeid aan tussen intrinsieke en ekstrasieke bevorderingshindernisse.

Die doel met **Hoofstuk 1** is om 'n oriëntering te verskaf met inbegrip van 'n oorsig oor:

- die probleemstelling
- navorsingsdoelwitte
- navorsingsprosedure en metodologie en
- 'n samevatting.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Genoemde navorsing oor intrinsieke en ekstrasieke bevorderingshindernisse word egter nie in die VSA, Brittanje en die RSA deur empiriese verifiëring ondersteun nie. Statistieke dui oteenseglik op 'n abnormale onderverteewoordiging van onderwyseresse in bevorderingsposte.

Uit navorsing wat Zaaiman (1993:34-37) vir die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur onderneem het, blyk dat 66% van alle poste in die betrokke

## Die onderwyseres se persepsie van bevorderingshindernisse

departement deur vroue beklee word. Op posvlak 3-8 is slegs 3% vroue aangestel en op posvlak 2 slegs 13% onderwyseresse wat bevorderingsposte beklee.

*Die gevolgtrekking kan tereg gemaak word dat die vrou onderrig en die man die onderwys bestuur.*

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat wesenlike anomalieë rondom die bevordering van vroue in die onderwys bestaan. Die literatuur dui aan dat die probleem op die vlak van intrinsieke en ekstrinsieke bevorderingshindernisse lê. :

Vir die doeleindes van hierdie studie was die navorsing slegs gerig op die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse. Uit die navorsing (Shakeshaft, 1989; Marshall, 1984; Greyvenstein, 1989; De Witt, 1990 en Duff, 1990), het dit geblyk dat die probleem wentel rondom die vraag wat die onderwyseres se persepsie aangaande intrinsieke bevorderingshindernisse is, naamlik dit wat handel oor die onderwyseres se denke en indrukke oor haarself as vrou, onderwyseres en die onderwyswerklikheid.

Intrinsieke, interne of persoonlike hindernisse word algemeen beskou as tekortkominge of ontoereikendhede, inherent kenmerkend aan vroue. Hierdie tradisionele siening van die vrou is 'n samelewingsverskynsel wat meesal sielkundig van aard is en met die persoonlike waardesisteem en gesindhede van 'n bepaalde individu - in hierdie navorsing die vrou as onderwyseres - te make het.

Hierdie stereotiperings word vasgelê in persepsies wat vooroordele van mense en individue insluit oor hul persoonlike waarneming, interpretering en gewaarwording van die eksterne leefwêreld. Persepsies word mettertyd aanvaar as algemeen geldende waarhede wat ongetoets deur samelewings aanvaar word. In die onderwys het sodanige aanvaarding van algemeen geldende persepsies bygedra tot die situasie van onderverteenwoordiging van vroue in onderwysbestuursposte. Waar die onderwys tradisioneel gesien word as die ideale beroep vir vroue, geld

dit egter in die grootste mate die persepsie van die onderwyseres as klas- of vakonderwyser en nie as bestuurder (hoof) van 'n skool nie.

In die werklikheid van ondervteenwoordiging is 'n waarde-oordeel opgesluit wat impliseer dat die vrou nie oor die vermoë beskik om as onderwysbestuurder haar plek vol te staan nie.

Die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse (De Witt, 1990:565; Greyvenstein, 1989:95 en Duff, 1990:53-58) wat volledig in Hoofstuk 2 behandel sal word, sluit in:

- geslagsrolle en die invloed van geslagsroltipering
  - geslagsrolsossialisering
  - samelewingstereotipering
  - psigologiese verwagtinge
  - motivering en beroepsverwagtinge
  - rolkonflik.
- intrinsieke hindernisse kan verwyder word deur individuele gesindheidsverandering, wat kan lei tot die verwydering van vooroordele en persepsies wat in die eerste plek in die vrou as onderwyseres geleë is en tweedens aangetref word in die onderwysstelsel en houdings van persone wat verantwoordelik is vir die bevordering van onderwyseresse.

Die vrou, ook die blanke onderwyseres, se hoop op demokratisering en liberalisering van die onderwys sal in die toekoms op die ANC-leierskap gerig wees. Die belofte dat daar baie sterk klem op die regstelling van ongelykhede in die onderwys geplaas sal word, om so die histories verontregte groepe - onder andere vroue - te bevoordeel (NIPILAR, 1995:4), - het die hoop vir 'n beter bevorderingsbedeling vir vroue in die onderwys laat opvlam.

---

## **Die onderwyseres se persepsie van bevorderingshindernisse**

---

Die Fundamentele Regte van die Grondwet (Wet 108, Artikel 9(3):1996) fokus ewe-eens op die regte van die vrou en baie spesifiek op haar reg dat daar nie op grond van geslag teen haar gediskrimineer mag word nie.

Navorsing oor die persepsie van intrinsieke en ekstrinsieke bevorderingshindernisse berus egter slegs op literatuurstudie. Dit het dus noodsaaklik geword om hierdie anomalieë empiries te ondersoek.

Vanuit die voorafgaande beredenering en inligting wat uit die literatuur versamel is, wentel hierdie navorsing om 'n literatuurstudie en empiriese navorsing van die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse.

### **1.3 NAVORSINGSDOELWITTE**

Die volgende navorsingsdoelwitte is vir hierdie navorsing geformuleer:

#### **Navorsingsdoelwit 1:**

Om deur middel van 'n literatuurstudie die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse te bepaal.

#### **Navorsingsdoelwit 2:**

Om deur middel van empiriese navorsing te bepaal wat die onderwyseres se persepsie oor die gedokumenteerde intrinsieke bevorderingshindernisse is.

### **1.4 NAVORSINGSPROSEDURE EN METODOLOGIE**

#### **1.4.1 LITERAATUURSTUDIE**

Die doel met die literatuurstudie was om die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse te bepaal. Primêre en sekondêre bronne is

gebruik om te bepaal watter intrinsieke bevorderingshindernisse onderwyseresse ervaar. Waar moontlik is van SANOB-verslae wat deur die Departement van Onderwys saamgestel is en inligting van die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement asook inligting wat deur die Gautengse Departement van Onderwys beskikbaar gestel is, gebruik gemaak.

'n **ERIC-DIALOG**-soektog is met behulp van die volgende trefwoorde onderneem: *women, females, sex differences, school administration, barrier, educational administration, gender, gender issues.*

Genoegsame bronne is so geïdentifiseer, wat met vrug gebruik is.

## 1.4.2 EMPIRIESE NAVORSING

### 1.4.2.1 *Vraelys*

Aan die hand van die literatuurstudie is 'n vraelys ontwikkel waarin persepsies van intrinsieke bevorderingshindernisse wat by onderwyseresse bestaan, getoets is. Dit is gedoen deur die identifisering van die intrinsieke bevorderingshindernisse wat vroue op posvlak 1 en 2 ervaar, soos in die literatuur gedokumenteer.

### 1.4.2.2 *Populasie*

Die studiepopulasie het bestaan uit:

- onderwyseresse
- op posvlak 1 en 2 (2839)
- verbonde aan sekondêre skole in Gauteng (n = 565)
- wat permanent in diens van die Gautengse Departement van Onderwys is.

'n Uiteensetting van die trossteekproef word vervolgens gegee.

### **1.4.2.3 Trossteekproef**

'n Ewekansige trossteekproef is vir die eerste voorlegging aan die voormalige TQD gemaak. Hierdie aansoek sou slegs Afrikaanse Model C skole betrek het. Dit is egter deur die Gautengse Departement van Onderwys afgekeur.

Die Gautengse Departement van Onderwys het vervolgens 'n aantal skole geïdentifiseer waar navorsing oor die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse gedoen is. Al die onderwyseresse wat permanent op posvlak 1 en 2 ( $n=400$ ) by 27 sekondêre skole aangestel is, is by die navorsing betrek.

### **1.4.2.4 Statistiese tegniek**

- Daar is van 'n toepaslike statistiese tegniek in samewerking met die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO gebruik gemaak.
- Verder is die verwerking met behulp van 'n SAS-re: r-programmpakket (SAS Institute Inc., 1985) gedoen.
- Beskrywende statistiese frekwensieontledings is gegee, en waar van toepassing is van inferensiële statistiek gebruik gemaak.

## **1.5 STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG**

- Hoofstuk 1: Oriëntering
- Hoofstuk 2: Die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse
- Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek
- Hoofstuk 4: Samevatting, bevindinge en aanbevelings.

## 1.6 SAMEVATTING

In **Hoofstuk 1** is die aktualiteit, probleemstelling, doel, metode en struktuur van die navorsingsverslag en terreinafbakening aangedui.

**Hoofstuk 2** behels 'n literatuurstudie oor die onderwyseres se persepsie van intrinsieke bevorderingshindernisse, wat die basis van die empiriese navorsing (Hoofstuk 3) vorm.